

## **Tema: Gee die Here regtig nie meer om nie?**

### **Sagaria 11 en ander dele**

*“So het die Here my God gesê: Gaan wees ’n herder vir die slagskape. Hulle eienaars self slag hulle sonder skuldgevoel, of verkoop hulle en sê: "Prys die Here, ek word ryk!" Ook die skape se herders gee vir hulle niks om nie. Ek gee ook nie meer om vir die inwoners van die land nie, sê die Here, Ek gee hulle oor in mekaar se mag en in die mag van hulle koning. Die land sal uitmekaar geslaan word, maar Ek sal niemand red nie.” (Sag 11:4-6)*

Die profetiese uitsprake van Haggai en Sagaria is van die min boeke in die Bybel wat dag en datum vermeld (Hag. 1:1 en Sag 1:1). Al was hulle boodskappe *tydgerig* was dit *nie tydgebonde nie*. Hulle onmiddellike taak was om die gemeente aan te moedig om die tempel in Jerusalem te herbou en dit het hulle gedoen (Esra 5:1,2), maar hulle profetiese uitsprake is vandag meer aktueel as ooit tevore.

### **Die verskil tussen Haggai en Sagaria**

Die verskil tussen dié twee “dominees” is opvallend. **Haggai** se fokus is prakties en op die man af met beloftes van spoedige verbetering (Hag. 2:18). Ons sou hom dalk vandag ’n “voorspoedsteoloog” noem. **Sagaria** sien visioene en profeteer op ’n groter skaal oor dinge van die eindtyd, alhoewel hy hom ook direk met die tempelbou besig hou, bv. Sag. 8:9-13 en spoedige voorspoed beloof. Ons sou hom vandag dalk beskou as iemand wat sterk in die “teologie van hoop” staan.

### **Die skokkende uitspraak van die Here**

Bedoel die Here regtig wat Hy sê met: *“Die land sal uitmekaar geslaan word, maar Ek sal niemand red nie.”*? Gee Hy regtig nie meer om nie? Inteendeel! Hy gee soveel om dat Hy Sagaria stuur met ’n daad-boodskap, sodat die volk hulle opnuut kan bekeer. Hierdie oproep tot bekering geld ook vir ons.

### **Die praktiese preek van Sagaria**

Hy moet na die voerkrale toe gaan waar met slagskape gewerk word, waar eienaar en versorgers net met een doel na die vee kyk: hulle slagwaarde. Dis hoe dit is waar ons as mense aan onself oorgelaat word. Sagaria moet met herdersgereedskap werk wat jy kry waar ’n eienaar-herder sy troppie skape oppas. Hy vertoon God se herderskap. Hy werk met *vriendelikheid* en *samehorigheid*.

### **Die reaksie op Sagaria se “preek”**

Die reaksie van die skape op Sagaria se poging om ’n goeie herder vir hulle te wees konfronteer ons met ons, mense, se skaapagtige reaksie op God se versorging. Ons weet nie hoe om op sy *vriendelikheid* (*guns, genade*) en sy *samebinding* (*eenheid, samehorigheid*) te reageer nie. En as ons gevra word om dit te evalueer, beskou ons dit van min waarde. Hy het die volste reg om ons aan onself oor te laat om mekaar te vernietig.

### **Die vervulling van hierdie profesie**

Die dertig silwermunte (die skadevergoedingsbedrag vir 'n beseerde slaaf volgens Eks 21:32) is 'n minagtende bedrag en die Skrif wys ons op die volle betekenis hiervan met betrekking tot Jesus Christus (Mat 27:9,10). Wat beteken dit as ons Christus, die goeie Herder, se herdersgereedskap van *vriendelikheid* en *samebinding* weggooi? Dan glo ons nie meer in God se ontferming nie. Dan skryf ons Jesus af vir 'n geringe bedrag.

### **Wat bly oor?**

Die herdersgereedskap van een wat alles verkeer doen (v 15-16) en die oordeel wat so 'n herder sal tref (v 17). As God se mensdom vir 'n kort tyd oorgee in die mag van bose herders en uiteindelik in die mag van die Antichris oorgee, dan is dit met een doel voor oë: om te laat terugkeer na die ware goeie Herder wat reeds sy lewe vir sy skape geoffer het om hulle te red.